

15.6 RAPPORT 6: DIAKONALE SAKE – SAMESTELLING VAN DIE SDDS EN BELYNING VAN DIE AKTE VAN OPRIGTING VAN DIE SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA – MAATSKAPPY SONDER WINSBEJAG MET DIE MAATSKAPPYWET 2008 (Art 150)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 In opvolging van ‘n Sinodeopdrag (Acta 2012:116, 2) was die Bestuur van SDDS genoodsaak om weer na die oorspronklike Akte van Oprigting wat kragtens die Maatskappywet van 1926 opgestel is, te kyk.
- 1.2 Die gevolg was dat die Akte van Oprigting deur die Bestuur van SDDS, wat verteenwoordigers van die Kinderhuise insluit, aangepas is om te voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet van 2008.
- 1.3 Die Akte van Oprigting is by die Registrateur van Maatskappye ingedien en aanvaar.
- 1.4 Met verwysing na die besluit kragtens Acta 2012:116, 2 kon die Bestuur van SDDS nie aan die besluit uitvoering gee nie. Hierdie saak is nooit deur die Bestuur van SDDS hanteer of bespreek nie. Indien gevolg aan die besluit gegee word, sou die doel soos in die beskrywingspunt voorgehou, nie bereik kon word nie. Die algemene jaarvergaderings van die kinderhuise se lede is gelokaliseer en nie verteenwoordigend nie. Verder omvat die Bestuur van SDDS meer sake as net die kinderhuise.
- 1.5 Vir kennisname word die aanvaarde Akte van Oprigting hiergepubliseer. Die Akte het sy eie nommering.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA MAATSKAPPYWET 2008

AKTE VAN OPRIGTING VAN ‘N MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

NAAM:

Die Naam van die Maatskappy is:

SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN

SUID-AFRIKA – MSW

Registrasienommer:

1947/026814/08

(“die Maatskappy”)

Die Maatskappy is geïnkorporeer as ‘n Maatskappy Sonder Winsoogmerk en sonder lede of aandeelhouders soos gedefinieer in die Maatskappywet 2008.

Hierdie akte van oprigting is aanvaar in lyn met die voorstel deur die Raad van Direkteure, uitgereik en aanvaar by wyse van ‘n spesiale besluit, geneem deur die direkteure op ‘n raadsvergadering van die Maatskappy gehou op die 6de dag van Junie 2014.

Hierdie Akte van Oprigting soos bevat in vorm CoR 15 D van die Maatskappywet Regulasies 2011, sal nie van toepassing wees op die Maatskappy nie.

DEEL A: INLEIDING

1. OPRIGTING VAN MAATSKAPPY

- a. Hierdie Maatskappy is opgerig as 'n Nie-Winsgewende Maatskappy, soos gedefinieer in die Maatskappywet 71 van 2008. (hierna verwys as die Maatskappywet).
- b. Die Maatskappy is opgerig in ooreenstemming met, en word bestuur kragtens:
 - i. Die bepaling vervat in die Maatskappywet wat nie gewysig kan word deur die inhoud van hierdie Akte van Oprigting nie;
 - ii. Die bepalings wat gewysig kan word kragtens die Maatskappywet, soos van toepassing op nie-winsgewende Maatskappye, onderworpe aan enige beperkinge, uitbreidings, wysigings en vervangings soos uiteengesit in hierdie Akte van Oprigting; en
 - iii. Die bepalings van hierdie Akte van Oprigting.

2. DOEL, BEVOEGDHEID EN OOGMERKE VAN DIE MAATSKAPPY

- a. Die doel, bevoegdheid en oogmerke van Maatskappy sal:
 - i. nie onderworpe wees aan enige inperking, beperking of voorwaarde, soos beoog in Artikel 19 (1)(b)(ii) van die Maatskappywet;
 - ii. is onderworpe aan enige inperking, beperking of voorwaarde, soos beoog in Artikel 19(1)(b)(ii), soos uiteengesit in Bylae 1 tot die Maatskappywet;
 - iii. nie onderworpe wees aan die bepalings, soos beoog deur Artikel 15 (2) (b) of (c) van die Maatskappywet; en
 - iv. is onderworpe aan enige inperking, beperking of voorwaarde, soos beoog in Artikel 15(2)(b) of (c), soos uiteengesit in Bylae 1 tot die Maatskappywet.
- b. Die doel en oogmerke van die Maatskappy is om:
 - i. die Diakonale sake van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna die Kerk genoem) te koördineer en in een liggaam saam te voeg en 'n spesiale liefdadigheidsinstelling van die Kerk te skep, tot stand te bring, te bestuur, te beheer, te ontwikkel, oor te neem en daarvoor toesig te hou in ooreenstemming met die Kerkorde en onderhewig aan verslagdoening aan die Algemene Sinode van die Kerk (hierna die Sinode genoem);
 - ii. kinderhuise, inrigtings vir oues van dae, liggaamlik ongeskiktes, siekes (hetsy geestelik of liggaamlik) of werkloses te stig, op te rig, te herstel, te hernu, te herbou, in stand te hou, te beheer en daarvoor toesig te hou; asook tehuse vir persone wat in armoede leef en in die algemeen sodanige inrigtings of tehuse as wat noodsaaklik of wenslik geag mag word deur die Maatskappy vir die verligting van armoede en ellende;
 - iii. sulke maatreëls vir die verligting van persone wat in die moeilikheid, verdriet, nood, siekte of enige ander teenspoed mag verkeer en vir hulle maatskaplike, morele en ekonomiese opheffing te tref wat aan die Maatskappy wenslik mag voorkom;
 - iv. alle ander handelingte te verrig of te laat verrig wat mag bydra tot of verband hou met die bereiking van die voormelde doelstellings of enige een daarvan; en
 - v. alle inkomste en eiendom van die Maatskappy, uit welke bron ook al verkry, moet uitsluitlik aangewend word vir die bevordering van die doelstellings van die Maatskappy, soos uiteengesit in die akte van oprigting, en geen gedeelte daarvan mag direk of indirek, by wyse van dividend, bonus of andersins by wyse van profyt aan die Direkteure of ander besluitnemers van die Maatskappy betaal of oorgemaak word nie. Met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goedertrou sal belet van besoldiging aan 'n amptenaar of werknemer van die Maatskappy of aan enige lid daarvan vir werklike diens verrig aan of onkostes aangegaan namens die Maatskappy as sulks nie.

3. BYKOMENDE BEVOEGDHEDE EN MAGTE VIR DIE BEREIKING VAN DOEL EN OOGMERKE VAN DIE MAATSKAPPY

Vir die doeltreffende bereiking van voormelde doelstellings is die volgende bykomende bevoegdhede ook bevoegdhede van die Maatskappy naamlik om:

- a. enige kinderhuise, tehuise, sale, skole, inrigtings of ander geboue en persele op te rig, te bedryf, in stand te hou, te herstel, af te breek, te herbou en te verander;
- b. enige eiendom, roerend of onroerend, of ander bates wat geskik mag wees vir die bereiking van die doelstellings van die Maatskappy te koop, te huur, te ruil of enige ander wyse te verkry en om dit te verkoop, te skenk, te verhuur, te verruil of op enige ander wyse daarvoor te beskik en dit te gelde te maak;
- c. enige ooreenkoms met die oog op 'n gesamentlike onderneming, samewerking of wederkerige toegewings aan te gaan met enige persoon, firma, of maatskappy met doelstellings wat geheel of gedeeltelik soortgelyk is aan die van die Maatskappy;
- d. geld te leen of andersins te verkry met of sonder die verskaffing van sekuriteite en, indien sekuriteit gestel moet word, om vir die terugbetaling van die geld op die wyse geleen sulke sekuriteite te stel wat die Maatskappy mag goedvind, hetsy by wyse van algemene verband, spesiale verband, pand of oorhandiging van enige of alle eiendom, regte of ander bates wat aan die Maatskappy toekom hetsy by wyse van sessie van skuldbriewe, ewigdurend of andersins gevestig oor enige of alle eiendom en bates wat aan die Maatskappy behoort en/of mag behoort of andersins en om sodanige sekuriteite terug te koop of op enige ander wyse af te los;
- e. dit wat aan die Maatskappy wenslik voorkom en onderhewig is aan die stel van sekerheid vir die terugbetaling waarop die Maatskappy mag besluit of ook sonder sekerheidstelling vir die terugbetaling na gelang van die Maatskappy dit wenslik ag of nie; en om geldelik of ander skenkings te maak aan die persone aan wie die Maatskappy dit wenslik ag om te doen;
- f. enige geld van die Maatskappy wat nie onmiddellik nodig mag wees vir die nastrewing van die doelstellings van die Maatskappy te belê en daarmee te handel op sodanige sekuriteit en op sodanige wyse as waarop van tyd tot tyd besluit mag word; en om sulke sekuriteite te gelde te maak, te verander, opnuut te belê of op enige ander wyse daarmee te handel;
- g. 'n bankrekening of ander rekening te open, in stand te hou, daarmee te handel en om tjeks en ander verhandelbare dokumente te trek, te maak, te endosseer en uit te reik, en elektroniese betalings te maak;
- h. enige van of al die ondernemings, eiendom en bates van die Maatskappy te verseker teen verlies deur brand, inbraak, oproer of ander verlies en om enige werknemer of diensbode van die Maatskappy te verseker onder 'n getrouheidswaarborg of teen risiko van lewensverlies of verminking of besering wat mag ontstaan uit of in die loop van die uitvoering van sy/haar dienste;
- i. kosteloos of andersins enige trust waarvan die maatskappy wenslik mag voorkom te onderneem en uit te voer;
- j. sake te doen as verhuurder, huurder, agent, handelaars en besigheids- mense;
- k. sulke sekretarisse, bestuurders, agente, diensbodes, kontraktante, makelaars, raadgewers, verpleegsters, assistente en ander werknemers in diens te neem, hetsy permanent, tydelik of vir enige besondere doel, en op sulke voorwaardes betreffende salaris, dienstydperke en andersins as wat die Maatskappy mag goedvind;
- l. enige klubs of ander instellings wat daarop bereken is om die hoofdoelstellings van die Maatskappy te bevorder op te rig, in stand te hou, te beheer en daarvoor toesig te hou of om mee te werk tot die oprigting, instandhouding, beheer van en toesig oor sodanige klubs of ander instellings;
- m. met enige ander persoon, firma, vereniging of maatskappy met doelstellings wat in die geheel of gedeeltelik soortgelyk is aan die van die Maatskappy, saam te smelt;

- n. enige ander maatskappy of instelling op te rig met doelstellings wat in die geheel of gedeeltelik soortgelyk is aan die van die Maatskappy of waarvan die doelstellings die verkryging en oorname in die geheel of gedeeltelik van die bedrywighede, eiendom, bates, regte en verpligtinge van die Maatskappy sal insluit of vir enige ander doelstelling wat daarop bereken is om direk of indirek die bereiking van die doelstellings van hierdie Maatskappy te bevorder of om mee te werk tot die oprigting van so 'n maatskappy of instelling;
- o. enige persoon, firma, instelling of maatskappy te besoldig vir dienste wat gelewer is of gelewer mag word aan en ten behoeve van hierdie Maatskappy;
- p. alle ander handelinge te verrig wat mag bydra tot of verband hou met die bereiking van die voorgaande doelstellings of enigeen daarvan;
- q. vir sover dit finansieel vir die Maatskappy moontlik is, diakonieë en medewerkers in die versorging van behoeftiges/hulpbehoewendes, nasionaal en internasionaal by te staan; en
- r. direk of indirek bydraes te maak in tye van noodtoestande, in so 'n mate dat die doelstelling van die Maatskappy daardeur bevorder en geheel of gedeeltelik daardeur bereik word.

4. WYSING VAN AKTE VAN OPRIGTING

- a. Hierdie Akte van oprigting mag gewysig word by wyse van die bepalings van Artikels 16 of 17 van die Maatskappywet.
- b. Die magtiging van die Direkteure van die Maatskappy, handelend as Raad van Direkteure (Raad), om reëls te maak vir die Maatskappy soos beoog in Sub-artikels 15(3) tot (5) van die Maatskappywet, is nie beperk in enige mate deur hierdie Akte van Oprigting nie.
- c. In terme van Sub-artikel 17 (1) van die Raad moet enige reël gemaak in terme van Sub-artikels 15 (3) to (5) en enige wysiging van hierdie Akte van Oprigting en/of die reëls gemaak in terme daarvan, gepubliseer en afgelewer word soos vereis in hierdie Akte van Oprigting deur:
 - i. dit per hand aan elke Direkteur te oorhandig;
 - ii. dit aan elke Direkteur te laat aflewer deur die gewone posaflewering deur die Poskantoor ; en/of
 - iii. dit aan elke Direkteur te e-pos en of te faks.

5. UITSLUITING VAN OPSIONELE BEPALINGS DEUR DIE MAATSKAPPYWET NEERGELE

- a. Die Maatskappy verkies om:
 - i. kragtens die bepalings van Artikel 34 (2), nie vrywillig te voldoen aan al die voorskrifte en bepalings van Hoofstuk 3 van die Maatskappywet nie; en
 - ii. geen lede of aandeelhouders te hê soos beoog in item 4(1) van Skedule 1 van die Maatskappywet nie.

6. AANWYSING VAN DIREKTEURE

- a. Die Direkteure van die Maatskappy sal Elf (11) in getal wees, maar nooit minder as Agt (8) nie, wat soos volg saamgestel en aangewys word deur die direksie:
 - i. Twee (2) predikante; en
 - ii. Vyf (5) lidmate van die Kerk – verkieslik diakens; en
 - iii. Twee (2) verteenwoordigers van die kinderskole;
 - iv. Een (1) Sekretaris/Uitvoerende amptenaar
 - v. Een (1) adviseur met verkieslik kennis van finansies

- vi Al die voormelde Direkteure moet lede van die Kerk wees ten tye van hulle aanstellings as Direkteure. Indien enige een van die Direkteure ophou om 'n lid van die Kerk te wees tydens sy/haar dienstermyn as Direkteur, sal sodanige benoeming/aanstelling as direkteur onmiddellik verval en moet hy/sy die pos onmiddellik ontruim.
 - vii Die Direksie sal opvolgers van direkteure aanwys en aan die Sinode deurgee vir goedkeuring.
- b. Termynne van Direkteure aangestel:
- i. Al die Direkteure wat aanbeveel is soos gespesifiseer in paragraaf 6 (a) hierbo, sal vir 'n vaste termyn van drie jaar aangestel word;
 - ii. Nieteenstaande die feit dat al die Direkteure aangestel kragtens subklousules (i) en (ii) hierbo se termyn van drie (3) jaar, sal 'n Direkteur van die Maatskappy alleen ophou om Direkteur te wees indien hy amptelik vervang word deur die aanstelling van 'n ander Direkteur deur die Direksie, en sodra die dokumente by die registrateur van Maatskappye dienooreenkomstig gewysig is — behalwe waar 'n Direkteur gediskwalifiseer word om as direkteur te dien kragtens die bepalings van hierdie Akte van Oprigting, in welke geval die Direkteur se termyn onmiddellik beëindig word;
 - iii. Indien daar 'n vakature ontstaan tydens 'n gegewe termyn van drie jaar waarvoor direkteure van die Maatskappy aangestel is, sal daar 'n vervangende direkteur deur die Direksie aangewys word, vir die oorblywende termyn van die Direksie; en
 - iv. Geen vergoeding sal aan die Direkteure betaalbaar wees as Direkteursvergoeding nie, behalwe om, waar toepaslik, hulle direkte kostes te dek vir die bywoning van die vergaderings en/of die uitvoering van hulle pligte opgelê deur die Direksie, om namens die Maatskappy op te tree.

7. DIREKSIEVERGADERINGS

- a. Die Maatskappy sal elke jaar ten minste een Direksievergadering hou op 'n datum, tyd en plek soos bepaal deur die Direksie van die Maatskappy, of indien dit nie deur die Direksie vasgestel is nie, moet die Voorsitter van die Direksie toesien dat sodanige vergadering plaasvind.
 - i. Daar mag nie meer as 12 maande verloop, tussen direksie- vergaderings nie; en
 - ii. Indien meer as 50% van die Direkteure van die Maatskappy, skriftelik versoek dat daar 'n Direksievergadering moet wees, welke versoek aan die Sekretaris van die Direksie oorhandig moet word, moet die Voorsitter van die Direksie 'n vergadering belê op die datum en tyd soos versoek, of onverwyld kennis gee van die vergadering soos bepaal in hierdie Akte van Oprigting, met betrekking tot kennisgewings van vergaderings.

8. KENNISGEWING VAN DIREKSIEVERGADERINGS

Die Voorsitter van die Direksie moet:

- i. ten minste 14 dae skriftelike kennis aan elke Direkteur van enige direksie vergadering gee;
- ii. sodanige kennisgewing moet volledige besonderhede van die plek, die dag en die tyd van die vergadering bevat;
- iii. in die geval van 'n spesiale Direksievergadering moet die kennisgewing die besondere aard van die besigheid wat op sodanige spesiale vergadering behandel moet word, bevat;
- iv. met toestemming van al die lede wat geregtig is om kennisgewing van 'n bepaalde vergadering te ontvang, mag so 'n vergadering op korter kennisgewing byeengeroep word en op so 'n wyse wat vir die Direkteure aanvaarbaar is; en

- v. die geldigheid van enige verrigtinge op enige vergadering sal nie aangetas word indien, per abuis, nagelaat word om 'n Direkteur in kennis te stel van so 'n vergadering nie.

9. VOORSITTER VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

- a. Die Voorsitter word verkies deur die Direkteure op die eerste Direksievergadering nadat die Direkteure aangestel is en hulle as sulks deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer is op die data basis CIPS; en
- b. Indien die Voorsitter nie teenwoordig is by 'n Direksie vergadering nie, sal die teenwoordige Direkteure uit hulle midde 'n Voorsitter verkies vir die vergadering, welke Direkteur dan met al die bevoegdhede van die voorsitter beklee sal wees.

10. BEVOEGDHEDE EN FUNKSIES VAN DIREKTEURE

- a. Die Direksie van die Maatskappy, in vergadering, is die hoogste wetgewende en uitvoerende gesag van die Maatskappy, en is geregtig om enige besluit met betrekking tot enige saak van die Maatskappy te neem of enige handeling in verband daarmee te verrig.
- b. Die Direksie, in vergadering, het verder die reg om enige of al hulle magte te delegeer aan enige komitee van die Direksie, soos en wanneer dit nodig is vir die behoorlike uitvoering van die Maatskappy se doelwitte en oogmerke.
- c. Die besigheid van die Maatskappy sal bestuur word deur die Direksie van die Maatskappy. Die Direksie mag alle uitgawes aangaan in die bemaking van die maatskappy en die inkorporering daarvan, en die Maatskappy mag alle magte en bevoegdhede uitoefen en doen of laat doen om sy doel, bevoegdheid en oogmerke te verwesenlik, wat nie deur die Maatskappywet kragtens bepalings van die wet verbied word nie.

11. ROL VAN DIREKTEURE EN HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE BY VERGADERINGS

- a. Die Direkteure sal verseker dat die Uitvoerende Beampte notules van die vergaderings deur die Direkteure behoorlik aanteken en byhou:
 - i. Van die aanstelling van alle ampsdraers, amptenare en werknemers.
 - ii. Die name van al die Direkteure teenwoordig by elke vergadering van Direkteure en dat elke Direkteur teenwoordig die teenwoordigheidsregister sal teken wat gehou word vir daardie doel.
 - iii. Van al die besluite geneem deur die Direksie by alle vergaderings van die Direkteure, insluitend die besonderhede van die Direkteure wat vir en teen die besluit gestem het.
 - iv. Van al die verrigtinge van die Maatskappy en van die Direkteure, en dat sodanige notules geteken word na aanvaarding daarvan deur die Voorsitter van die Direksie by die vergadering, of die voorsitter van die Direksie op die volgende vergadering.
 - v. Die notules van enige vergadering van die Maatskappy sal gehou word in een register, en die register sal as bewys dien van die feite daarin vervat asof dit deur die Voorsitter van die Direksie geteken is of enige persoon teenwoordig by so 'n vergadering wat gemagtig is deur die Direkteure in die vergadering, of die Direkteure in die daaropvolgende vergadering om in die plek van die Voorsitter te teken. Enige uittreksel van of afdruk van sodanige notule, geag geteken te wees deur die Voorsitter, sal *prima facie* as bewys dien van die feite daarin vervat.
 - vi. Die notules van vergaderings van die Maatskappy sal beskikbaar gemaak word aan die Direkteure. Enige ander persoon moet kragtens die bepalings van Artikel 26 van die Maatskappywet aansoek doen om toegang te verkry tot die notules, soos wat van toepassing is op die geval.

12. VERLOOP VAN DIE VERGADERING

- a. Die Direksie vergader saam vir die afhandeling van sake, verdaag en reguleer hulle vergaderings soos hulle goed dink, en soos redelikerwys van hulle verwag sal word.
- b. Oor enige vraag of voorlegging wat 'n besluitneming vereis, sal besluit word deur die opsteek van hande en sal die meerderheid besluit beslis word en geld (van krag wees) na afhandeling daarvan. Elke Direkteur het net een stem, hetsy deur die opsteek van hande of per geslote stembrief, en die Voorsitter sal slegs 'n ekstra beslissende stem hê indien daar 'n staking van stemme in die Direksie is.
- c. Indien 'n stemming per stembriefies aangevra word deur 'n Direkteur, vir watter rede ook al, moet die Voorsitter die versoek aan die Direksie voorlê vir besluitneming, en sal sodanige versoek met die opsteek van hande aanvaar of verwerp word, en 'n aantekening in die mate in die notuleboek van die Maatskappy gedoen word en as bewys dien, sonder verwysing na die aantal stemme vir of teen die versoek gerig.
- d. Indien die stemming per stembrief geskied na aanleiding van die versoek gerig en die besluit deur die Direksie, word dit op so 'n wyse gehou as wat die Voorsitter mag bepaal en die uitslag van die stemming word geag die besluit van die Direksie te wees waarop die stemme per stembrief plaasgevind het.
- e. Die Direkteure kan ook deelneem in die vergadering van die Direksie, indien dit nie anders kan nie, deur middel van 'n telefoonkonferensie, of "Skype"-gesprek oor die rekenaar, op so 'n wyse dat al die Direkteure teenwoordig, mekaar kan hoor en sodanige deelname in 'n vergadering sal almal se teenwoordigheid bevestig as teenwoordig by die vergadering.
- f. Die volgende sal van toepassing wees by die vergaderings van die Direkteure: -
 - i. Op 'n vergadering van Direkteure van die Maatskappy word geen sake behandel of bespreek tensy 'n kworum van Direkteure aanwesig is op die oomblik waarop die vergadering tot die behandeling van die sake op die agenda, of soos ooreengekom, oorgaan.
 - ii. Behalwe vir sover hierdie Akte van Oprigting en die Maatskappywet anders vereis, word 'n kworum by 'n vergadering gevorm deur ses lede wat persoonlik teenwoordig is soos uiteengesit in klousule 12 (b) hierbo.
 - iii. Indien 'n kworum nie verkry kan word binne 'n half uur na die tyd wat vasgestel is vir die vergadering nie, sal die vergadering verdaag word na dieselfde dag in die volgende week en op dieselfde tyd en plek van die verdaagde vergadering, behalwe in die geval wat die laasgenoemde dag op 'n openbare vakansiedag val. Indien laasgenoemde die geval is, sal die vergadering uitgestel word na die eerste gewone werksdag wat volg op die laasgenoemde vakansiedag, en op dieselfde tyd en plek van die verdaagde vergadering. Indien daar op die dag van die verdaagde vergadering steeds nie 'n kworum is, na verloop van 'n halfuur na die tyd daarvoor vasgestel nie, sal die Direkteure teenwoordig geag 'n kworum te wees.
 - iv. Alle aksies gedoen deur Direkteure van die Maatskappy in vergaderings van die Direksie of 'n Komitee van die Maatskappy waarvan hy/sy lid is en as sodanig optree, sal nieteenstaande dit later mag blyk daar 'n probleem met die Direkteur se aanstelling te wees of die Direkteur gediskwalifiseer blyk te wees, steeds geldig wees asof elke Direkteur teenwoordig behoorlik aangestel was en gekwalifiseer het om as Direkteur aangestel te wees.
 - v. Onderworpe aan die bepalings van Artikel 75 van die Maatskappywet, indien enige Direkteur 'n persoonlike belang, direk of indirek, het met betrekking tot 'n aangeleentheid wat voor die Direksie dien, moet sodanige Direkteur of Direkteure dit aan die Direksie openbaar, asook die aard van die persoonlike belang. Die direkteur moet ook alle relevante inligting tot sy beskikking aan die Direksie openbaar, maar mag nie aan die bespreking van die aangeleentheid of die finale besluitneming daarvoor deelneem nie.

- g. Die Direksie, sowel as die Uitvoerende Raad van die Maatskappy, sal besluite mag neem sonder dat die onderskeie bestuursliggame in 'n vergadering is – deur 'n skriftelike besluit te laat onderteken deur al die lede van die onderskeie bestuursorgane. 'n Besluit wat so onderteken is, sal ewe geldig en van krag wees – asof dit deur 'n vergadering behoorlik byeengeroep aangeneem is.

13. DIE UITVOERENDE BEAMPTTE

- a. Die Maatskappy sal 'n Uitvoerende Beampte hê wat, in konsultasie met die Voorsitter van die Direksie, vir die dag tot dag aktiwiteite verantwoordelik is.
- b. Die Uitvoerende Beampte kan deur die Direksie:
 - i. aangewys word uit die Direkteure wat aangestel is op die direksie van die maatskappy sodra die pos vakant raak; of
 - ii. aangestel word deur die Direksie deur die pos te vul met 'n persoon wat nie 'n Direkteur is nie;
- c. ten einde kontinuïteit te bewerkstellig tussen die aanstelling van direksies sal 'n Uitvoerende Beampte aangestel word vir 'n termyn wat nie langer as ses maande is as die termyn van die Direksie wat die persoon aanstel nie.

14. KOMITEES

- a. Die Uitvoerende Raad mag van tyd tot tyd komitees saamstel wat bestaan uit Direkteure van die Maatskappy, en aan gemelde komitees die bevoegdhede opdra en oordra wat die Uitvoerende Raad geldig ag, ten einde die Komitee in staat te stel om sy mandaat uit te voer;
- b. Die aldus gevormde Komitee moet hom by die uitoefening van die oorgedraagde bevoegdheid hou en aan die voorgeskrewe reëls wat aan hom deur die Direksie voorgeskryf word;
- c. Met toestemming van die direksie mag bevoegdhede ook oorgedra word aan 'n Komitee wat nie uitsluitlik uit Direkteure van die Maatskappy bestaan nie, en/of wat lede het wat nie lede is van die Kerk is nie; en
- d. By die uitvoering van hulle mandaat moet die Komitee self hulle werkswyse en prosedure bepaal ten einde hulle mandaat behoorlik en volledig te voltooi.

15. ONTBINDING OF LIKWIDASIE VAN DIE MAATSKAPPY

Indien die Maatskappy na besluitneming van die Direksie om die Maatskappy te ontbind, vrywillig te likwideer of indien die Maatskappy deur 'n proses van gedwonge likwidasië gaan, en daar, na voldoening aan al die Maatskappy se skulde en verpligtinge, nog eiendom en/of bates van welke aard ook al oorbly; dan sal sodanige eiendom en/of bates nie onder direkteure of ander besluitnemers van die Maatskappy verdeel word nie, maar sal die eiendom en/of bates aan 'n ander instansie of entiteit gegee word wat doelstelling en oogmerke het wat ooreenstem met die doelstellings van die Maatskappy, en wat deur die direkteure van die Maatskappy by of voor die likwidasië van die Maatskappy, of indien die Direkteure versuim, deur die Kerk, aangewys sal word.

16. WYSIGING VAN DIE AKTE VAN OPRIGTING

Die Direksie van hierdie Maatskappy mag hierdie Akte van Oprigting aanvul of wysig by wyse van 'n spesiale besluit deur die Direksie van die Maatskappy en kragtens die bepalings van die Maatskappywet.

17. BEPERKTE VRYWARING VAN DIREKTEURE, BEAMPTES OF WERKNEMERS

Onderworpe aan die bepalings van Artikel 77 en 78 van die Maatskappywet, vrywaar die Maatskappy hiermee al en enige van die Maatskappy se direkteure, beamptes of werknemers teen enige verlies, aanspreeklikheid of gedinge en kostes en uitgawes aangegaan as gevolg van enige geding of regsaksie ingestel teen sodanige direkteur, werknemer of beampte wat handel oor enige aksie of handeling deur sodanige direkteur, beampte of werknemer in die uitvoering van sy plig as direkteur, beampte of werknemer van die Maatskappy, welke aksie nie gegrond is op sodanige direkteur, beampte of werknemer se nalatigheid, oneerlikheid of bedrog nie.